# DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XII. Woensdag 25 September 1957. No. 14.


# Verkiesingsweek stel tevrede.

## MNR. DIRK POSTMA VERKIES TOT VOORSITTER VAN DIE S.R. VIR 1958.

Toe die nuwe Studenteraad op Donderdag, 12 September 1957, vir die eerste keer in die S.R.-kantore vergader het, het daar 'n einde gekom aan seker een van die interessantste verkiesingsweke hier op die P.U.K.-gronde. Die „Proffies het geklae en die pa's het ge,squeal'," maar in die koppe van die „onbekommerde" studente was daar net een gedagte — „Verkiesing".

Die aftredende voorsitter, Mnr. Tjaart van der Walt, het 'n puik Jaarverslag gelewer, so vinnig dat die waterkraffie teen die einde bykans dolleeg was. Die dagbestuur van die S.R. is volgens verwagting saamgestel, maar die res van die Raad het aangename verrassings opgelewer. Met luide en langdurige toejuiging het die dames getoon hoedanig hul keuse van die Hoofdame in almal se smaak geval het.

**TEVREDENHEID:**

Nou, nadat die hele storm uitgewoed het en kalmte en stilte neergedaal het op die studentegemeenskap voor die groot stryd teen die akademie, blyk dit dat almal van mening is dat 'n goeie, gebalanseerde Studenteraad saamgestel is.

**JAARVERSLAG:**

Uit die Jaarverslag van die veteraan-aftredende voorsitter het dit duidelik geword dat daar tans weer 'n sekere mate van stabiliteit in die studentelewe, wat gebuk gegaan het onder die skommelinge van voortdurende reorganisasie, gekom het. Die verslag wat geen sistematiese relaas was nie, maar 'n beoordelende vergelyking gebied het, het getuig van die nuwe lewe waarmee die onderliggame hul onderskeie take volvoer het. Met groot blydskap kon verneem word van die inskakeling van die Tafeltennisklub onder die S.R., maar met weemoed is verneem van die verdwyning van die Jukskeilaer uit die georganiseerde studentelewe.

**OORHANDIGING VAN DIE STOEL:**

Met 'n tikkie van weemoed het die Massa afskeid geneem van die voorsitter van 1956 en 1957. Mnr. Van der Walt het veel van sy tyd en kragte opgeoffer in diens van sy medestudente en sy Alma Mater. Die luide applous waarmee Mnr. Postma begroet is, was nie as gevolg van sy belofte oor spykerbankies nie, maar toon dat hy 'n waardige opvolger van sy voorganger is.

**HOOFDAME:**

'n Tasbare stilte afgewissel deur 'n kreun van ongeduld het in die Studentesaal geheers toe Mnr. Van der Walt op tipies terglustige wyse vorentoe gekom het om die uitslag van die verkiesing van hoofdame bekend te maak. Die sagte stem van Cecile Smit het weggeraak in 'n oorverdowende lawaai en Mej. Bennie Kruger is deur die gelukwensinge skoon van haar voete afgeloop.

**TEN SLOTTE:**

Die oue het gegaan, die nuwe het gekom. Terwyl alles nou weer die normale gang gaan en die nuwe besems besig is om skoon te vee, laat die studente van hierdie Universiteit hul volle ondersteuning skenk aan die persone aan wie hulle hul vertroue geskenk het, maar laat almal, Studenteraad sowel as die Massastudent, onthou dat alle krag alleen van God kom.

## AAN ROER VAN SAKE:



'N AANTAL VAN DIE NUWE S.R.-LEDE IN DIE S.R.-KANTOOR AFGENEEM:

VOOR VAN LINKS NA REGS: HENNIE VAN DER WALT, BENNIE KRUGER, E. W. DE KLERK, DIRK POSTMA.
AGTER: GERT HATTING, ABIE HELBERG, CHRIS COETSEE.

**OM TE ONTHOU!**

Iemand het gesê: „De huwenden moeten weten, dat de grond van hun huwelijk niet ligt in de liefde, die zij elkander geven; maar veel meer in de liefde, die God hun bewijst".

## SIMPOSIUM

**GESAG VAN DIE S.R.!**

Op Vrydagaand, 6 September 1957, is daar 'n Simposium in die Studentesaal gehou. Die besprekingspunt was die gesagsbeginsel van die S.R. Mnr. M. Wiechers en Mnr. Mulder het namens U.P. opgetree en Mnre. Botha en Swart namens U.O.V.S. F. W. de Klerk en Christie Coetzee het Puk se standpunt verdedig. Die bespreking tussen Puk en U.O.V.S. was heftig, soos gewoonlik.

Ten spyte van die baie teleurstellende opkoms van die Pukke was dit tog 'n geslaagde aand.

**SWAAR DRA!**

U ken die tipe, nie waar nie? Mense wat altyd ontsettend veel op die hart het, wat oorloop van gesegdes, soos: „dit moet my van die hart" of „dit lê my naby die hart".

Dit is waar: 'n mens kry hulle in verskillende kategorieë: Die een is uiteraard, onopsetlik en van karakter maar 'n oordrewe mens. Die volgende een ly aan oordrywing, maar daarby nog aan skynheiligheid: in werklikheid dra hy nie so swaar nie, saans wanneer sy kop die kussing raak is sy hart lig! 'n Mens kry naderhand sommer net die omgekrapte gevoel: Jy probeer mense beïndruk en smeer jou eie gewete toe!—Tragies tog, as iemand sover heen is, dat hy reeds vir homself jok!

Ongeag die motief berus alle „swaar dra" tog maar op moedswilligheid (nie op onkunde nie!). In werklikheid hoef ons geen enkele las te dra nie, omdat Christus hulle álmal vir ons gedra het—Hy is die gelowige se lasdraer!

**IETS HIERVAN EN DAARVAN!**

Anna Boudier-Bakker, 'n bekende figuur in die vrouesielkunde, het 'n werkie geskryf, getitel: „De Moderne vrouw en haar tekort". In verskillende hoofstukke het sy dit oor „Die studerende meisie"; „Die werkende vrou"; „Die kind"; „Die moeder" ens.

Onder andere beweer die skryfster, dat die vroueverstand gewoonlik geïnteresseer is in wat hulle hart interesseer—**die hart van die vrou is altyd wyser as haar verstand!**

Kan ons volgende jaar nie miskien iets in hierdie rigting voor K.V.V. kry nie?


# Uitgeknip vir die naweek...

U weet hoe belangrik naweek-ontspanning is om ontslae te raak van daardie sufheid wat die week se werk meebring.
VEKA se snyers weer, is bewus van die belangrike rol wat klere speel om die sorgvrye uurtjies aangenaam te maak . . .
Daarom bied ons met trots hierdie VEKA-sportbaadjie van handgeweefde Harris Tweed aan . . . oortuig dat dit u ontspanning sal vervolmaak.

Die VEKA-baadjie met die reguit skouerlyn in die gewilde Ruiterstyl, is deftig en manlik—beskikbaar in 'n groot verskeidenheid kleure en geruite patrone—UITGEKNIP VIR U.

As Suid-Afrikaanse fabriek weet ons snyers hoe om vir U te sny. Kennis wat oorsee opgedoen is en jarelange ondervinding, word toegepas om klere te sny wat die Suid-Afrikaner se liggaamsbou pas.

U dra 'n VEKA-baadjie lank omdat dit lank nuut bly.



Die Harris Tweed-baadjie hier afgebeeld is lighbruin met die bekende Veka-Jonkheerbroek in donkerbruin.

veka UITGEKNIP VIR U

2405

# Die Wapad

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**

Woensdag 25 September 1957.



**REDAKSIE**

Hoofredakteur: D. C. Coetsee; Onder-Hoofredakteur: A. Myburg; Nuus: F. J. du T. Lessing, H. Dykstra, Mej. M. Willemse; Kuns: Mej. R. Dekker, J. B. du Plessis; Sport: P. Riekert, Mej. R. Bruyns; Varia: I. van der Walt, J. A. du Plessis, Mej. B. van Rooy; Aflos Mej. L. Heslinga; Fotograaf: J. van der Walt.

**ADMINISTRASIE**

D. Yssel (Sakebestuurder); J. B. W. le Roux (Advertensiebestuurder); Mejj. C. Kruger, E. M. Kruger, A. Davel, Mnre. E. J. de Villiers, E. Howaldt, W. J. van der Merwe, J. P. Marais, L. J. Swart, R. G. P. Vorster, A. J. Pretorius.


## ....Sien ons jou staan as wonderdaad.

Hierdie is bekende woorde in ons Alma Mater: „Gebore uit die nag van smaad, sien jou staan as wonderdaad".

U ken almal die geskiedenis van ons Universiteit. U ken die stryd teen soveel vyandige elemente waarin dit dikwels geskyn het of ons Universiteit met sy bepaalde grondslag ten gronde gaan. Op die „nag van smaad" gaan ons nie nou in nie.

„Ons sien jou staan as wonderdaad" is 'n belydenis, die groot belydenis waarmee ons Alma Mater begin. Nou kom die volgende twee vrae op: Sien ons ons Universiteit werklik as WONDERDAAD? SIEN ons ons Universiteit werklik as wonderdaad?

WONDERDAAD beteken onmiskenbaar „daad van God". U weet dat alles wat gebeur, plaasvind onder die Voorsienigheid van die Vader. Die totstandkoming van ons Universiteit het geskied deur die Wil van God. Menslikerwys gesproke moes die Universiteit reeds lank nie meer bestaan het nie, want die mens van die twintigste eeu wil sy wetenskap nie „In U Lig" beoefen nie.

Die P.U. vir C.H.O. het egter nie gekwyn nie. Vandag bestaan dit as inrigting wat nog steeds groei; 'n inrigting waar die Christelike Wetenskap bevorder word; 'n inrigting waar die studentelewe op dieselfde Calvinistiese grondslag voortgaan. Dat al hierdie dinge plaasvind, is loutere genade.

Ons herhaal: menslikerwys gesproke, kon in die lig van die tydsgees hierdie dinge nie voortbestaan nie. Vandag aanskou ons egter die teendeel. Dit is die Hand van God; dit is die wonderdaad. Sien u elkeen hierdie Universiteit met sy akademie en met sy studentelewe as WONDERDAAD?

Die wonderdaad staan objektief vas, of ons dit sien, aldan nie. Die vraag is egter: SIEN ons dit? Hier kom ons by die verhouding waarin die subjek, dit is u en ek, tot die wonderdaad staan.

SIEN hier beteken BELY. BELY beteken nie slegs SÊ nie; dit is veral ook DOEN. Waar dit dan 'n feit is dat ons Universiteit daar is deur die Hand van die Vader, is dit die plig van u elkeen om dit te SIEN. Dit wil nie sê dat u en ek maar net sal toekyk nie. Aan elkeen is talente toebedeel, wat nie tot eie voordeel ontwikkel moet word nie, maar wat aangewend moet word ten opsigte van dit waaraan elkeen verbonde is—in hierdie geval ons Universiteit en veral dan ten opsigte van die studentelewe waar elkeen deel uitmaak van die studentegemeenskap. Dat ons studentelewe staan waar dit vandag staan, is loutere genade, 'n voorreg wat ons van Bo geskenk is. Daarom is dit nie alleen PLIG nie, maar ook VOORREG om deel te hê daaraan.

Die talente is verskillend toebedeel: Sommige dien as Studenteraadslede, ander as bestuurslede en die res as lede; en elkeen het die plig om in sy betrokke hoedanigheid ook ons studentelewe te SIEN as wonderdaad, as van die Hand van God. Daarom dien u nie alleen u studentelewe as u u plig nakom nie, maar dien u veral ook u Skepper Wat daardie talente aan u toevertrou het.

Geagte P.U.-Kaners, deurdink weereens die volle betekenis van die woorde as u almal gemeenskaplik sing: „Gebore uit die nag van smaad, sien ons jou staan as wonderdaad."

DIRK POSTMA.

## Oordenking

### Die groot Psigiater.

I Petrus 5:7. „Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle."

Die kenmerkende karaktertrekke van ons tyd nl. bekommernis, angs, probleem en krisis is nie vreemd in die historie van die mensheid nie. Reeds 'n Paulus van ouds bemoedig met: „Werp julle . . . . ." Dis wyse raad in ewigheidsletters geskrywe.

Word die geestelike gesteldheid van die bekommerde In U Lig ondersoek, val een ding dadelik op: 'n ontkenning van die voorsienigheid van God. Want wat is bekommernis anders as gedagtes voortdurend in ontsteltenis, in voortskreiding om 'n uitweg te vind? Dit omvat al die vrae onder: Sal dit . . . . of . . . . ? Ook die hoekoms en waaroms. Die gevolg is 'n angstige afwagting en vertwyfeling met die handperde humeurigheid, bose gedagtes ens. Voeg hierby nog die gesagsverhouding waarin nederigheid en sagmoedigheid ontbreek, en bg. ontkenning is ons duidelik voor die gees. Want die mens erken God nie as Alvermoënde Bestuurder wat in hoogheid, wysheid en goedheid alles regeer na Sy Wil nie. Daarom sien ons ook nie daarin die loutering en tugtiging van 'n liefdevolle Vader nie. Sagmoedigheid e.d.m. word opstandigheid, bose gedagtes. Ootmoed word wraakgierigheid. Daarom is die mens bekommerd, bevrees en beangs. In die grond van die saak is dit ongeloof, 'n nie-glo dat God alles, van die geringste tot die grootste, in Sy voorsienige raad bepaal het.

Breek die oortuiging egter diep in die hart deur dat die mens wik, maar God beskik, kom ons tot geloof. Die mens ontdek hom aan homself, erken sy afhanklikheid verootmoedig hom, gaan met 'n vasbeslote gees na God. Hy stort in vertrouende oorgawe 'n hart gevang in vrees, angs en bekommernis voor die Groot Psigiater uit met volle hoop op hulp en verlossing op Sy tyd. Hy werp beslis alle bekommernis op God. Dan is die belydenis: Ook vir my sal U ten beste beskik. Die Vader staan gereed, dit gaan Hom ter harte, en daar word vir ons gesorg vanweë die Waarmaker van Sy Woord.

Die resultaat van die behandeling. Sodra ons oortuig is dat God vir ons sorg, ons in volle geloofsvertroue rus en leun op Sy voorsienigheid, verlaat ten eerste alle onsteltenis ons en word ons gedagtes gemaklik gelei na geduld en nederigheid. Daar kom berusting dat God die beste weet. En also daag daar 'n vrede van binne gepaard met geduld en lydsaamheid. Ten tweede is ons in ons optrede teenoor ons medemens nederig en sagmoedig. Die kwaai gedagte word 'n gebed vir ons teenstanders. Dit beteken nie harte leeg van gevoel nie, maar 'n wering van ongeduld. Ook moet dit nie 'n traagheid van die vlees aanmoedig nie, maar rus bring aan die geloof. Die vaste vertroue in geloof werk tog die oorgawe. Dit is wat die juk van die Heiland, al is en bly dit 'n juk, tog 'n sagte en 'n ligte juk maak.

Hierdie Heiland het ook gedurende Sy omwandeling op aarde vir ons in alles die volmaakte voorbeeld gestel. So is ook die grootste las van die mensheid nl. die sonde, op Golgota gedra, na Getsemane se: U wil geskied.

Laat ons nie meer sondig deurdat sorg en bekommernis ons gemoed aflei en ons ongeskik maak vir ons roeping, ons hinder in ons verblydende diens van God nie. Die Groot Psigiater is daar, Hy sorg en gee 'n kalmte wat, onder watter omstandighede ookal, nogtans in geloof laat sê:

U wil geskied.

Amen.

THOS.

**HAROLD'S AUTOMOBILE SERVICE STATION.**
Kerkstraat 220 — Telefoon 1293
Potchefstroom.
●
Voorraadhouers van alle
**Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.**

**J. HEIDEMA**
Kerkstraat (teenoor Geref. Kerk.)
Vir FIETSE.
Vir ZÜNDAPP Motorfietse.
Zündapp model KS 601 £348
Zündapp model 200S £183/2/6
Zündapp Combinette £81/10/-
Zündapp Combimot Fietsmotors £39/-/-

**CORNER FRUIT STORE**
★
„U KEN ONS!!"

**Studente . . . !!**
vir al u
● Handboeke,
● Skryfbenodighede,
● Leertasse,
● Geskenke, ens.!
BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS!
**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**
Kerkstraat 126 —Telefoon 497

**PRO REGE-PERS Boekhandel en Antikwariaat.**
vir al u
Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.
Kerkstraat 95 — Telefoon 1164

**PRESIDENT CAFE and GRAND CAFE**
FOR:
● SWEETS,
● GRILLS
and
● COOLDRINKS

# Hier's ons „Perregree" Mense.

Hier volg die werksaamhede van die afgelope jare deur die S.R.-dagbestuur verrig; na waarde sal hul werk hierdeur nie geskat kan word nie—wel die ywer!

**Dirk Postma (S.R.-Voorsitter)**

1954: Tennisbestuur.
1955: Voorsitter, Ontspanningskomitee.
Onder-Voorsitter, Geselligheidskomitee.
Organiseerder, A.S.B.
Sekretaris, Tennisklub.
Sekretaris, Hellenika.
1956: Studenteraad.
Sekretaris, A.S.B.
Sekretaris, T.S.V.

1957: Onder-Voorsitter, S.R.
A.S.B.-Voorsitter

1958: Toe haal ek die paal nê!?



Dirk Postma, S.R.-Voorsitter.

**F. W. de Klerk (S.R. O/Voorsitter).**

1954: 1e jaar: skinker, Oom Piet se booze"-partytjie.

1955: Penningmeester, Ontspanningskomitee.
Organiseerder, N.J.B.
Sekretaris-peningmeester, Regsvereniging.

1956: Organiseerder, A.S.B.
Hoofredakteur, „Die Wapad".
Voorsitter, Regsvereniging.
Onder-voorsitter, N.J.B.

1957: Hoofbestuurslid A.S.B.
lid S.R.
O/Voorsitter, A.S.B.

Al lyk dit nou nie juis of hy baie besig was nie, het Frikkie in werklikheid veel bereik (kyk gerus in Kulu—e.a. vroueverblyfplekke—se laataande boek!). Frikkie is dan ook die man wat 'n belofte soos die volgende kan maak: Ek sal die belange van die dames op die hart dra, omdat hulle reeds vir 4 jaar in my hart woon!

**Hennie van der Walt (Sekretaris).**

1955: Organiseerder, A.S.O.
Penningmeester, Bofbalklub.
Administrasie, „Die Wapad".
Lid, Vreugdedagbestuur (Vervoer).

1956: Voorsitter, A.S.O. (A.B.K.K.).
B.A.-Fakulteitshoof, Vreugdedag.
Bofbal (Penningmeester).
Addisionele lid, Regsvereniging.

1957: Voorsitter, A.S.O. (A.B.K.K.)
Kaptein, Bofbal (S.S.B.)
Penningmeester, A.S.B.
O/Sekretaris, S.R.
Voorsitter, Vreugdedagkomitee.

**G. A. Hattingh (O/Sekretaris).**

1956: Addisionele lid, Helnika.
1957: Organiseerder, K.V.V.
Hulp-Sekretaris, S.R.
Sekretaris, T.S.V.

**A. A. Venter (Penningmeester).**

1956: Penningmeester, krieket.
Penningmeester, tafeltennis.
Addisionele lid, Geselligheidskomitee.
Administrasie, „Besembos".



Hennie van der Walt, S.R.-Sekretaris.

1957: Hulppenningmeester, S.R.
O/Voorsitter, geselligheidskomitee.
Organiseerder, N.J.B.
Penningmeester, Vreugdedagkomitee.
Penningmeester, K.V.V.
Penningmeester, krieket.
Penningmeester, tafeltennis.

**LOOCK & KEENEY Kleremakers**
Calderbanksgebou,
Kerkstraat 150 — Telefoon 855.
POTCHEFSTROOM.

MALAN MEUBILEERDERS
S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,
POTCHEFSTROOM.
●
KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!

**DIE MAAN HET GEBLOOS . . . .**

Ten spyte van die feit dat die maan al vir twee vol mane sy ellerbeste gesiggie opgesit het terwille van Casper en Adelheid, kon hy skynbaar geen hond haaraf maak nie. En toe doen hy die ding sommer in die afwesigheid van die maan as gevolg van die betrokke lug. Was dit Casper se nuwe belangrikheid wat hom so skielik sy moed laat bymekaar skraap het of wou hy die maan 'n puntjie wys? In elk geval het lg. van agter die wolke tog alles aanskou!

Of Jan Boneschans nou Sandrina Veenstra se hart deur middel van 'n serenade van 'n opera-aria of een van die jongste „hit tunes" verower het, weet ons nie, maar hy het dit tog reggekry en dit maak dus nie verder saak nie.

Piet van Heyningen het ook gesorg dat sy naam in hierdie kolom verskyn voordat hy sy status as eerstejaar prysgee. Voorwaar 'n prestasie waarin Rina Schutte se hulp nie misreken moet word nie!

Soos die tegniek van die wetenskap gedurig vooruitgaan, en ons Pukke daarmee moet tredhou, so word daar onwillekeurig ook tred gehou met vooruitgang op die gebied van die amoreuse tegniek. Veral Dries Yssel is 'n ywerige student. Hy beveel die derekte metode van grimering na die toer aan en Rita Vorster is darem 'n bobaas grimeerster! !

# Ou steunpilare onttrek hulle.

Behalwe Tjaart van der Walt is daar verskeie ander persone wat hulle na jare van diens aan die studentegemeenskap van alle studenteaktiwiteite gaan onttrek.



**Hennie Coetzee:**

In die eerste plek dink 'n mens aan **Hennie Coetzee** wat behalwe'n aktiewe amoreuse lewe, steeds uitgeblink het in die studentelewe. Hieronder volg 'n lys van besture ens. waarop hy gedien het:

1953: Onder-Voorsitter Thalia.
Onder-leier Volkspele.
Sekretaris A.B.K.K.
Ontspanningskomitee.

1954: Ontspanningskomitee.
Sekretaris Vreugdedagbestuur.
Volkspeleleier.
Addisionele lid Alabamabestuur.
A.B.K.K.
Studenteraad.

1955: Volkspeleleier.
Penningmeester Alabama.
Onder-Voorsitter A.B.K.K.

1956: Volkspeleleier.
Voorsitter A.B.K.K.
Ontspanningskomitee.
Studenteraad.

1957: Volkspeleleier.
Onder-Voorsitter A.B.K.K.
Studenteraad.



**Tokkelok van der Walt:**

Hoewel hierdie prestasies nie maklik geëwenaar kan word nie, sal die studentegemeenskap tog een van sy kleurvolste persoonlikhede verloor wanneer **Tokkelok van der Walt** hom aan die aktiewe deelname aan die studentelewe onttrek. Hier volg 'n lys van dinge waarmee hy „driekwart van sy tyd gemors het":

1953: Lid van die Redaksie van Spoorslag.

1954: Redaksie Spoorslag.

1955: Bestuurslid, J. V. Elim.
Organiseerder, Afdelingsbestuur van J.V.'s op G.G.

1956: Redaksie Die Wapad.
Redaksie Die Besembos.
Add. lid, Korps V.V.
Korps V.V. Publikasie Kommissie (Penningmeester).
Bestuur Nasionale Jeugbond (Direkteur van Ontspanning).
Addisionele Lid, P.U. Tennisklub.

1957: Redaksie Die Pukkie.
Onder-Voorsitter, Korps V.V.
Korps V.V. Publikasiekommissie (Sekr.-Penningmeester).

**Vos Venter** is ook van mening dat hy sy deel bygedra het tot die studentelewe van die P.U. vir C.H.O., dus het hy besluit om hom nou daaraan te onttrek. Op die volgende terreine het hy hulp aan sy Alma Mater se studentelewe verleen:

1954: Hulpargivaris.
Administrasie, Die Pukkie.

1955: Hoofargivaris.
Speel in die skaakliga.

1956: Voorsitter, Skaakklub.
Penningmeester, Korps V.V.
Penningmeester, Volkspele.
A.B.K.K.
Studenteraad.

1957: Voorsitter, Skaakklub.
A.B.K.K.
Addisionele lid, Korps V.V.

Hierdie lys sou onvolledig wees indien nie melding gemaak word van die arbeid wat deur **Peet Duvenage** (meestal in stilte) verrig is ten dienste van die studentegemeenskap nie. Een van die bydraes waaroor hy altyd onthou sal word, is die entoesiasme waarmee hy ten spyte van vele teenslae die P.U.-Studentekoor op die been gebring en gehou het. Ook het hy vir 'n lang tyd die plateprogram Sondagaande behartig. Hier volg 'n lys van die vernaamste Verenigings ens. waar hy diens gelewer het:

1954: Administrasie, Die Pukkie.
Tweede manshokkiespan.

1955: Sekretaris, Vreugdedag.
Musiekvereniging, Add. lid.
Koorleier.
Penningmeester, Wysgerige Vereniging.
Bestuurslid van Hellenika.
Tweede manshokkiespan.

1956: Hulpsekretaris, Studenteraad.
Vreugdedagleier.
Onder-Voorsitter, Musiekvereniging.
Penningmeester, Wysgerige Vereniging.
A.B.K.K.
Tweede manshokkiespan.

1957: Sekretaris, Studenteraad.
Onder-Voorsitter, Musiekvereniging.

Aan hierdie persone word die hartlikste dank van die studentegemeenskap gebring vir die baie tyd en opofferings wat hu gewil'iglik ter wille van die studentelewe aan die P.U. vir C.H.O. gebring het. Mag ook in hulle verdere lewe, hulle hul net so onderskei.



**Peet Duvenhage:**

## WAARDERING VIR MUSIEK-VERENIGING

Geagte Meneer die Hoofredakteur,

Vergun my om langs hierdie weg my waardering te betuig—en ek reken dit sal ook die gevoele wees van ons studentegemeenskap — teenoor ons musiekvereniging vir die puik programme sover aangebied en waarvan die simfoniekonsert seker 'n hoogtepunt was. Bravo vir die moedigste en ondernemendste vereniging aan die Puk! Mag die bestuur onder leiding van Mnr C. Roode dié standaard volhou; en mag die pad wat nog voorlê minder met dorings en distels besaai wees.

Hoogagtend die uwe,

N. T. v.d. M.

**J. TOD SUTTIE.**
**Komplete**
**Mansuitrusters**
**Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.**
Kerkstraat 177 — Telefoon 1,
POTCHEFSTROOM

**INGRAM SE**
**BOTTELSTOOR**
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
• Wynsoorte
en
• Spiritualieë

**DIE BULT SKAATSBAAN**
„PUKKE ondersteun ons vir
AANGENAME
ONTSPANNING"
Oop vanaf 7.30 in die aand

**J. P. van der WALT APTEEK**
Kerkstraat 161 — Potchefstroom
„ONDERSTEUN 'N OUD-P. U. KANER!"
Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

**ARCADIA**
**Dames- en Mans-**
**HAARKAPPERS**
VIER GEKWALIFISEERDE HAARKAPPERS TOT U DIENS.
„Netheid en Kwaliteitswerk" is ons leuse.
Rokersbenodigdhede en Fantasiegoedere

**MOOIRIVIER-APTEEK**
Kerkstraat 205,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380
**Die Apteek vir Diens!!**

**WESTVAAL**
Studente !!!
VIR KWALITEIT
DROOGSKOONMAAK
STUUR NA
**WESTVAAL**




# Thalia sorg vir aangename aand.

Thalia se ou bestuur het sy werksaamhede vir die jaar afgesluit met 'n verrassend genotvolle kort programvergadering wat ook—behalwe vir Kandidaat van Bommel—die grootste opkoms van die jaar gehad het. Alles was tuisgemaak, van die denkbeeldige swaaideur, tot die eenbedryf self. „Die Skepper": André P. Brink

Die program is ingelei deur 'n voordragprogram deur Breggie van Rooy. Daarna het André Brink se „Gekonkel oor 'n Diamant" aan die beurt gekom. André het in hierdie werkie sy gewone verfrissende oorspronklikheid aan die dag gelê, en hoewel van geen hoë letterkundige waarde nie, het die stuk aangename ontspanning gebied. Daar is feitlik geen geleentheid gebied vir karakteruitbeelding nie, en telkens het onverwagse moderniteite opgeduik. Wat die taalgebruik betref, was juis dit, hoewel altoos gevat, tog baie steurend, en 'n mens wonder of daarteen nie liewers gewaak moet word nie —die baie Engelse tussenwerpsels, byvoorbeeld.

Nietemin het André se eerste dramatiese pennevrug hom goed geleen vir opvoering, en die nuwe talent, ontdek deur regisseur Jurie Gouws-Venter, het daaraan ook reg laat geskied. Die vernaamste kenmerk was, uit die aard van die karakters wat vertolk is, natuurlike optrede van die spelers. Sarie Grobler, aanvanklik effe skugter, het gou ontdooi, en haar eerste poging in die lyn getuig van talent en goeie kanse op die gebied. Rosslee Smith het meer selfvertroue gehad, en Bets Coetzee het haar gewone netjiese, oortuigende spel gelewer.

Pieter Brugman het, behalwe dat hy geneig is om soms ietwat onduidelik te praat, ook sy gewone natuurlike spel gelewer en Dries Yssel het vanweë sy toer-ondervinding werklik aan die vernaamste toneelvereistes voldoen.

Natuurlik was die gehoor spyt dat hulle so min van onse Piet (Steinberg) gesien het—as speurdersersant Gerritse het hy 'n oortuigende verdwaasde beminde uitgemaak.

Aan Thalia 'n woordjie van gelukwensing vir die nuwe terreine wat hy betree het die afgelope jaar!

## UIT MY DAGBOEKIE.

**Vanuit Dawie du Plessis:**

Alf Huyser sê dit is alte lekker om mieliepitte agter die hoofgebou te gaan soek vir die fisante wat daar op die Puk ronddwaal. Maar ek vra of dit nie miskien 'n bietjie moeilik is om hulle in die donker te sien nie. Lekker pik Alfie!

Dipper sê die lente het in sy are 'n soort van kortsluiting gemaak. Die aptekerswese wil maar net nie met die amorie stryk nie.

Dries Yssel sê hy wil weer toneel oefen. Veral die plekke waar hy . . . . ag toemaar! Maar wat van Rosslea? Jurie vra of jy al weer gehik het.

Sampie Simpson en sy kamermaat vra of daar nie miskien 'n spaar meisie op die Puk vir hulle is nie. Hulle vra of daar nie miskien 'n dame is wat die lente in haar are voel nie.

**Vanuit Kulu:**

Agnes Fourie sê sy glo in die gesegde „GO WEST, YOUNG LADY, GO WEST". Maar ons wil almal graag weet wat sy daar gaan maak. Is dit miskien vir die diamante? Is die een wat Piet Brugman sal gee nie genoeg nie?

Mienie, hoe voel dit om aan 'n stoeier verloof te wees. Ons het gewonder waar Peet die grepe geleer het waarmee hy die Witsie so opgekeil het.

**Vanuit die kompleks:**

Ons vra net hoekom André P. Brink almal so vriendelik vanuit die laagte van die Gogga groet as hy verby karring. Hoop hy dat ons hom eendag te hulp sal snel as sy neus in die deur vassit; of as die trap breek?

Hennie van der Merwe het besluit dat meisies nie meer van hom hou nie en daarom het hy sy „jeans" gebêre.

DIE SKIM.

# UITSPAN-HENNIEKEP.

In lieflike weersomstandighede het die derde in die reeks van jaarlikse wedrenne plaasgevind voor 'n wriemelende skare van entoesiastiese toeskouers.

Van vroeg af reeds het die terrein in die omgewing van die wegspringplek, Thaba-Jäh-se-hek, begin vol loop. Elegante dames met allerhande inheemse en uitheemse modes het die oog gevang. Die gees van afwagting het sy toppunt bereik toe die optog met „Tamboernooiens" vooraan vanuit 'n noordelike rigting die wegspringplek genader het.

Met leedwese is verneem van die teëspoed van die Hooggeleerde heer Perfester „From-over-die-Fishpond" as gevolg van die ongevraagde optrede van 'n geelvis. Nogtans het die besoeker-plaasvervanger uit Angola, Mnr. My-parents-are-not-here, op baie paslike wyse die verrigtinge geopen. Nadat die seremoniemeester verder al die persone van belang aan die toeskouers voorgestel het, het die afsetter oorgeneem.

Die tydhouers is in gereedheid gebring en toe die roete verduidelik is, het die skoot geklap, maar die jaers moes terugkom as gevolg van die „False Start".

Die wenner, „Yellow Spotted Leopard", het die beker (waarvan die ert al taamlik af is) van Mnr. „Kiss-me-soon-if-not-sooner", burgemeester van Tarentaal, ontvang.

Gelukkig was die Noodhulpmanne gou by om die slagoffer van 'n ongeluk te hulp te snel.

Mej. Biebie Chapman het die prys as elegantste dame verower, terwyl Mejj. Sarie Grobler, Lien Fivaz, M. Zerbst, R. Lessing, H. Els en Flippie Snyman elk 'n troosprys ontvang het.

(Pa Hennie sê: „Haai, Ou Cockie, sê tog in Die Wapad vir al die mooi dogters wat by die Henniekêp was, die Uitspanners sê baie dankie vir hul samewerking. En sommer baie dankie ôk vir die serenyd").

(Berig deur F. J. du T. Lessing.)

# Persoonlike berigte uit staat Alabama P.U.-1977

Mnr. AAN DELOFF, Registrateur van 'n bekende opvoedkundige inrigting, het sy hand ernstig beseer toe hy van 'n rotsie af in die Olifantsrivier gestort het. Mnr. Deloff sal sy pligte as Ere-President van die Bofbalklub nie vir die eersvolgende week kan nakom nie.

Mevr. SARIE SEENKAMP (eggenote van die S.A. gevolmagtigde minister in Italië) het verlede Saterdagaand in die La Scala, Milaan, opgetree. Sy is glo besig om groot roem te verwerf as sangeres. Sy is begelei deur mev. Sannemarie Anders (voorheen mej. Etorius).

Mnr. HIET VAN PEYNINGEN, polonie-magnaat, en sy aantreklike vroutjie (voorheen mej. Schina Rutte), het op 'n kort sakereis na Holland vertrek.

Op 'n onthaal vir die vyf nuut-aangestelde teologiese professore, proff. BALK SCHUYS (rektor), STILLEM WEENKAMP (vise-rektor), HABIE ELBERG, CENNIE HOETZEE en BRANS DE FUYN, was dit veral die eggenotes van die rektor (voorheen mej. Wendrien van der Halt) en die vise-rektor voorheen mej. Retro Pobbertse) wat aandag getrek het.

Adv. Halk Schoggenboezem het sy praktyk verkoop. Hy gaan hom voortaan toelê op die handel in tweedehandse motoronderdele.

Mnr. WOUW VAN LYK, bekende mynwerker en ghitaarspeler, en sy eggenote (voorheen mej. Wetro van Pyk) gaan 'n nuwe haargroeimiddel op die mark bring. Mnr. van Lyk waarborg dat alle mans wat hierdie middel gebruik vir hulle 'n pragtige blondine kan uitslaan.

Mnr. ROHN JANWELL, het 'n bottelstoor oopgemaak op Grady Ley, hoofstad van ALABATA (die saak is glo eintlik gesubsidieer deur prof. Elberg en mnr. W. van der Malt).

Mej. STINA IGLINGHOV, het weereens Russiese gehore op hulle agterpote gehad met haar balletvernuf toe sy onlangs in die hawestad, Vladivostok opgetree het.

Die bekende voordragkunstenares, mej. CETS BOETZEE, onderneem tans 'n landreis met 'n program onder die opskrif, „Met 'n hart in die Lied."

Mej. LOHANNA VAN DER JECQ is op die onlangse Alabama Lentevierings gekies as Lentekoningin. Sy is bygestaan deur twee prinsesse, mejj. Wuna van der Lalt en Grenetta Robler.

Op die Lentedagvierings is opgemerk mevv. Grien Lonum (boervrou uit die bosveld) en mev. Ducia Lykstra (predikantsvrou uit die Laeveld).

Adve. Wennie van der Halt en Widyll van der Alt het 'n prokureursfirma opgerig in Hanniessof. Verder het hulle, in samewerking met mnr. Waarten van der Malt, 'n bekende boer uit die distrik, die eerste hotel in daardie geweste opgerig. (Ons verstaan al drie here is nog steeds oujongkêrels!)

# Volledige Verkiesingsuitslae.

## STUDENTERAAD:

VOORSITTER: D. POSTMA.
ONDER-VOORSITTER: F. W. DE KLERK
SEKRETARIS: H. J. D. VAN DER WALT.
ONDER-SEKRETARIS: G. A. HATTING.
PENNINGMEESTER: A. A. VENTER.
HOOFDAME: MEJ. B. L. KRUGER.
VIR A.B.K.K.: A. N. HELBERG.
W. DE VOS.
VIR A.S.B.: D. C. COETSEE.
C. J. H. LESSING.
VIR K.V.V.: S. P. B. BUYS.
J. H. VAN WYK.
VIR S.S.B.: P. A. J. BRANDT.
MEJ. R. BRUYNS.

AFRIKAANSE STUDENTEBOND:

Voors.: D. C. Coetsee.
Onder-Voors.: A. N. Helberg.
Sekr.: F. J. du T. Lessing.
Pgm.: R. S. van der Walt.
Organiseerder: J. H. van Wyk.
Dames Add. Lede:
H. P. de Beer.
C. S. Visser.
Mans Add. Lede:
H. J. D. van der Walt.
C. J. H. Lessing.
J. A. du Plessis.

SENTRALE SPORTBESTUUR:

Voors.: H. J. D. van der Walt.
Onder-Voors.: B. Potgieter.
Sekre: Mej. R. Bruyns.
Pgm. P. Riekert.
Ander lede:
J. C. Coetzee.
F. R. P. de Bruyn.
R. Hurter.
J. H. van der Walt.
E. de Jager.
P. A. J. Brandt.
Mej. M. Krüger.

BOFBAL:

Kapt.: H. J. D. van der Walt.
O/Kapt.: W. F. Steenkamp.
Sekr.: A. Viljoen.
Pgm.: H. Wiese.
Add. Lid: D. J. Eloff.

STOEI:

Kapt.: P. Brandt.
O/Kapt.: W. Postma.
Sekr.: F. J. J. van N. Steyn.
Pgm.: J. A. S. van Niekerk.
Add. Lid: P. Kruger.

ATLETIEK:

Kapt.: P. J. Riekert.
O/Kapte.: Mej. J. Botha.
Sekr.: P. L. Strauss.
Pgm.: P. van Heyningen.
Mans. Add. Lid: M. du Plessis.
Dames Add. Lid: Mej. E. van der Merwe.

TAFELTENNIS:

Kapt.: J. H. van der Walt.
O/Kapte.: Mej. E. Faure.
Sekre.: Mej. M. van der Merwe.
Pgm.: R. de Ville.
Add. Lid: H. J. van der Walt.

MANSHOKKIE:

Kapt.: J. C. Coetzee.
O/Kapt.: H. Dykstra.
Sekr.: G. A. Liebenberg.
Pgm.: C. J. van Wyk.
Add. Lid: G. Snyman.

DAMESHOKKIE:

Kapte.: Ronel Bruyns.
O/Kapte.: Bennie Kruger.
Sekre.: Annemarie Meyer.
Pgms.: Cecil van Heerden.
Add. Lede: Elise Louw.
Rietsie Chapman.

SWEM:

Kapt.: R. Hurter.
O/Kapte.: A Bingle.
Sekr.: Flip du Plooy.
Penningmeester: I Howald:
Add. Lede: L. Swart.

KORFBAL:

Kapte.: Ria Kruger.
O/Kapte.: A. Bingle.
Sekre.: Rina Schutte.
Pgms.: Hantie van der Walt.
Add. Lede: Petro van Wyk.
Clementia Visser.

VOETBAL:

Kapt.: F. R. P. de Bruyn.
O/Kapt.: W. F. Steenkamp.
Sekr.: J. J. de W. Krüger.
Pgm.: P. N. Maritz.
Add. Lid: H. J. D. van der Walt.

TENNIS:

Kapt.: E. de Jager.
O/Kapte.: Mej. C. Kruger.
Sekr.: Mej. E. Faure.
Pgm.: J. J. Gerber.
Add. lede: Mej. S. Heyns.
P. Riekert.

DEBAT:

Voors.: A. N. Helberg.
Onder-Voors.: W. de Vos.
Sekre.: Mej. M. Geere.
Add. Lede: Mej. H. van der Dussen.
J. H. van Wyk.

SKAAK:

Voors.: J. Els.
O/Voors.: L. v.d. Westhuizen.
Sekr.: P. Bingle.
Add. Lede: Mej. van der Walt.
Pgm.: J. Boneschans.
Add. Lid: Mej. H. Kruger.

KRIEKET:

Kapt.: Ben Potgieter.
O/Kapt.: Hessel Dykstra.
Sekr.: G. A. Liebenberg.
Pgm.: J. J. Howell.
Add. Lid: G. Snyman.

**JAY'S GARAGE**
(K. NODEL, Eienaar)
Lombardstraat 5, Foon 175,
POTCHEFSTROOM
Voorraadhouers en Handelaars in
- MASSEY-HARRIS TREKKERS
- PLAASGEREEDSKAP,
- PLANTERS en STROPERS,
- S.A.F.I.M. en WILDBOAR-IMPLEMENTE, ens.

KOM SIEN ONS—
vir al u
- Fotografiese
en
- Aptekersbenodigdhede.

**GEEN & VELLEMAN**
Kerkstraat,
POTCHEFSTROOM.

**TURKSTRA BAKKERY**
(Edms.) Bpk.
Kerkstraat 61.
RAADPLEEG ONS VIR . . .
- BROOD
en
- ALLE KOEKSOORTE.
ELKE DAG VARS . . . .

Drink **S & S** en Geniet
DIE BESTE
SUPER ORANGE
TING-A-LING
PEP-A-DILLA
TOP HAT
SHERR & SHAKINOVSKY
POTCH. MINERAL WATER FACTORY
Phones 16 & 1144 P.O. Box 134

**UNIE BAKKERYE**
Posbus 244 — Foon 167 en 1086.
BROOD, KOEK en PASTEITJIES.
Bakkers en Banketbakkers
vir alle geleenthede
TROU, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.
Kerkstraat 60, Potchefstroom.
Spoorwegstraat, Klerksdorp.

**OOSTHUIZEN**
Kole-agentskap.
Kerkstraat 104—Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.

KORPS VERITAS VINCET:

Voors.: S. P. B. Buys.
Onder-Voors.: G. A. Hattingh.
Sekr.: J. H. van Wyk.
Pgm.: A. A. Venter.
Organiseerder: P. Aucamp.
Add. Dameslede:
M. Kruger.
H. van der Walt.
Add. Manslede:
J. J. de W. Kruger.
S. J. P. Kruger.
H. Dykstra.
J. H. van Zyl.

ALGEMENE BESTUUR VIR KUNS EN KULTUUR.

BESTUUR:

Voors.: A. N. Helberg.
Onder-Voors.: W. de Vos.
Sekre.: Mej. M. Geere.
Pgm.: M. P. A. van der Walt.
A. N. Helberg.
W. de Vos.
P. J. Coetzee.
C. J. H. Lessing.
J. B. W. le Roux.
Mej. M. Geere.
A. P. Brink.
C. Sander.
I. van der Walt.
M. van der Walt.
J. Els.
P. Bingle.

ALABAMA STUDENTE-ORKES:

Voors.: I. van der Walt.
Onder-Voors.: M. P. A. van der Walt.
Sekr.: P. H. van Heyningen.
Pgm.: S. P. B. Hoogenboezem.
Add. Lede: Mej. L. Fivaz.
F. R. P. de Bruyn (jnr.).

THALIA:

Voors.: P. J. Coetzee.
Onder-Voors.: C. J. H. Lessing.
Sekr. A. G. C. Yssel.
Pgm.: A. Viljoen.
Add. Lede: Leon Swart.
Mej. B. Coetzee.
Mej. W. van Heyningen.

MUSIEKVERENIGING:

Voors.: A. P. Brink.
Onder-Voors.: C. L. Sander.
Sekre.: Mej. M. E. Swart.
Pgm.: R. S. van der Walt.
Add. Lede:
Mej. C. van Heerden.
N. Droomer.

VOLKSPELE:

Leier/Voors.: J. B. W. le Roux.
Leidster/O/Voorsr.: Mej. M. Geere.
Sekr.: J. Vorster.
Pgm.: J. Grobler.
Dames Add. Lid: Mej. A. Pretorius.
Mans Add. Lid.: C. Sander.

# Seisoen afgesluit met oorwinnings

## BABAS WEN LIGA.

Opvallend vanjaar is dat vier spanne, naamlik Theos, Navy en die twee O-19 spanne, die seisoen op 'n hoë noot afgesluit het met mooi oorwinnings oor sterk spanne. Soos die tellings egter aandui, is die oorwinnings nie op 'n skinkbord aangebied nie.

**THEOS:**

In die tweedelaaste wedstryd hierdie seisoen, het Theos lusteloos voorgekom teen Goldfields West. Dit kan verstaan word as mens in aanmerking neem dat die voorafgaande weke feitlik sonder uitsondering gekenmerk was deur die speel van twee wedstryde per week. Hoewel Theos vir die grootste gedeelte van hierdie wedstryd voorgeloop het as gevolg van opportunistiese drieë deur Huyser en Van der Schyff, kon hulle nie die voorsprong van 6—3 enduit volhou nie. In die laaste minute van die wedstryd moes hulle sien hoe die mynmanne die wedstryd in hulle guns beklink met 'n drie langs die pale wat vervyf is. Die skopwerk van Pieters en Van Rooyen het die Pukke veral hoofbrekens besorg. Uitblinkers in Theos se geledere was Van der Schyff en Kerneels Steenkamp wat vir harde lakwerk gesorg het, terwyl Casper Lessing se besering baie tot die neerlaag bygedra het. Eindtelling: G.F.W. 8; Theos 6.

In die laaste wedstryd het Theos mooi reggeruk en die sterk span van Strathvaal oortuigend met 8 punte teenoor 5 geklop. Met meer afronding kon die telling baie hoër gewees het. Die stryd het veral tussen die voorspelers gewoed waar Amie van Wyk en Maartin van der Walt uitgeblink het. Hennie van der Walt op losskakel het sy spel mooi afgewissel, terwyl Hoogenboezem lus was om te hardloop.

Amie van Wyk het 'n drie behaal en H. B. van der Walt het vir die res van die punte gesorg met 'n strafskop en goeie vervyfskop.

Ná hierdie oorwinning lyk dit of Theos saam met Strathvaal tweede op die liga gaan eindig.

**NAVY:**

Hierdie span wat vanjaar die meeste van sy teenstanders erg op hulle baadjie laat kyk het, spog weer met twee oorwinnings van 8—0 en 6—3 oor Goldfields West en Strathvaal onderskeidelik. In hierdie wedstryde was hulle feitlik deurentyd op die aanval en was ongelukkig om nie baie verder te wen nie.

Weereens was „Die Vloot" 'n kaniedood!

**O19 A:**

In hulle drie voorlaaste wedstryde het die O19A weer groot tellings teen hulle teenstanders opgestapel, terwyl laasgenoemdes nie die telbord beïndruk het nie. Die spanne wat moes deurloop is Strathvaal, P.O.K. O19B en Klerksdorp. In hierdie wedstryde is 88 punte aangeteken en drie teen hulle. P.O.K. O19B was so gelukkig om 'n strafdoel te behaal.

In hulle laaste wedstryd teen Normaalkollege O19A, het Rassie van der Westhuizen se skopskoen vir al die punte, nl. 9, gesorg. P.O.K. het geantwoord met drie punte, ook d.m.v. 'n strafskop.

Puk O19A wen dus weer vanjaar hulle liga vir die soveelste keer sonder 'n enkele neerlaag.

**O19B:**

Hierdie spannetjie wat vanjaar alle verwagtings oortref het, het afgesluit deur P.O.K. O19B 3—0 te klop.

In die vorige wedstryd was hulle minder voorspoedig deur gelykop te speel teen Klerksdorp en te verloor teen Koöperasie en P.O.K. O19A. In vergelyking met Puk O19A. se oorwinnig van 39—3 oor P.O.K. O19B, lyk hulle neerlaag van 16—0 teen P.O.K. O19A nie so groot nie.

**FIRES:**

Fires, anders as die ander spanne, kon egter nie die seisoen met 'n oorwinning afsluit nie, en moes in hulle laaste wedstryd die knie buig voor P.O.K. met 19—9.

Fires se moontlike prestasies is egter gekortwiek deur 'n gebrek aan oefening en belangstelling.

## DIE KORFBALSPANNE SPOG MET OORWINNING.

Die korfbalseisoen is afgesluit op 'n hoë noot met 'n aanskoulike spel teen P.O.K. Op 4 September het die botsing plaasgevind waarin die Pukkies knaend op die aanval was maar ook gespook het om die botoon te voer. Die eindtelling was P.U. I 62—P.O.K. I 35.

Geen speler kan uitgesonder word nie—almal het besonder goed gespeel met 'n wil om te wen.

P.U. II en P.U. III het verloor, tog het hulle die P.O.K. goed opgedreun.

Die Korfbalklub kyk terug op 'n aangename en suksesvolle korfbalseisoen. Die meeste vriendskaplike wedstryde is gewen o.a. Intervarsity. 'n Groot oorwinning waarmee gespog kan word, is die een teen Strathvaal waar P.U. I gewen het met 81—19. Wat ligawedstryde betref het P.U. I nie daarin geslaag om deur te dring tot die eindrondtes nie, dog was die tellings sodanig dat dit toon dat spel van baie hoë gehalte gelewer is.

Of P.U. gewen of verloor het, het altyd bo alles uitgestaan die besondere gees en entoesiasme vir die spel. Die belangstelling was daar tot aan die einde van die seisoen.

Die Bestuur van 1956-1957 wil dan graag die nuwe bestuur alle sukses toewens.

# MATMANNE DOEN DIT WEER.

## P.U.-STOEIERS WEN WITSIES 6—3.

In die laaste stoeitoernooi van die jaar het die Pukkies op Saterdag, 14 September, die Witsies met ses gevegte teenoor drie die loef afgesteek. Dit is voorwaar 'n mooi prestasie aangesien hulle sodoende skoonskip gemaak het van hul teenstanders in vier toernooie.

Nieteenstaande die feit dat sowel Piet Brand as Frans Steyn in hoër gewigsafdelings gestoei het, het hulle albei met twee valle teen nul geseëvier. In 'n baie wetenskaplike geveg het Martyn Viljoen sy opponent, die bekende Universitêre stoeier, Leon Botha, met punte geklop. Verder het Dokkie Coetzee, Koos van Niekerk en Daantjie Coetzee almal hul teenstanders met twee blitsvalle teenoor nul oorrompel.

Die ander drie Pukkies het nou wel verloor maar het nogtans met eer uit die stryd getree. Daar moes ook nog op 21 September 'n toernooi teen Tukkies gewees het, dog die Pretorianers het kop uitgetrek.

Die stoeiers het voorwaar 'n prysenswaardige voorbeeld gestel deur hul onvermoeide ywer en belangstelling. Die kaptein en bestuur verdien ook besondere lof vir hul ywer en organisasie. Mag dit dien tot voorbeeld en aansporing vir ons toekomstige matmanne!

(Tukkies het toe tog op Saterdag opgedaag en met 6—8 die kous oor die kop gekry.)




„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.

Rembrandt

KURK, ONGEKURK OF FILTER
STANDAARD EN VAN RYN GROOTTES

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*

Kopiereg RA 136